Lente!

Benodighede:

* 'n roomysbak
* blompotgrond
* vinnig ontkiemende saad ("water crest" werk goed)
* 'n A4-papier met 'n kruis in die middel uitgesny

Let wel: Hierdie les moet eintlik 'n week voor lentedag al begin word.

Neem die roomysbak en maak 'n paar dreineringsgate onder in die bak. Gooi nou die potgrond in die bak sodat dit tot die rand toe gelykvol is.

Plaas die A4-papier oor die bak en saai dan van die saad in die oop deel (die kruis-vorm). Haal die papier af. Neem nou nog 'n bietjie grond en gooi dit oor die saadjies en druk liggies vas. Gee dit dan vir een van die kinders wat dit huis toe neem en elke dag 'n bietjie water gee en in 'n son plekkie plaas (binneshuis of buitenshuis as dit nie te koud is nie).

Laat die kind dit weer terugbring volgende week. Daar sal dan 'n kruis uit die grond opstaan (groei).

Lessie:

As jy klaar die saadjies in die vorm van 'n kruis gesaai het in die bakkie, vra vir die kinders wie die kruis kan sien. (Dit behoort nie sigbaar te wees nie.)

Tog weet ons daar is saadjies gesaai maar niemand kan dit sien nie. Daar is dus die kans dat hier iets sal lewe al kan ons dit nie sien nie. Dis amper soos Jesus wat na sy kruisiging begrawe is. Die saadjies wat in die grond is, laat ons dink aan Jesus wat in die graf was.

Die dissipels en gelowiges van daardie tyd het ook seker so hartseer en alleen gevoel. Hulle het geweet die kans is altyd daar dat Jesus weer kon lewe, maar nou was die klip voor die graf en daar is geen teken van lewe nie. Jesus is dood.

Lees nou Lukas 23:50-56.

Daar is twee goed nodig vir lewe: water en warmte. Dis hoekom ons in die lentetyd soveel nuwe bloeisels en spruite sien. Die dae begin warmer raak en die nagte korter. Daar is meer warmte in die atmosfeer.

Vir ons om te groei, moet ons ook ons atmosfeer warmer kry. Dit doen ons deur meer liefde aan mekaar te bewys. As ons meer liefdevol teenoor mekaar is, is daar ook 'n warm gevoel teenoor mekaar en is die atmosfeer sommer warmer. So *g*roei ons!

Die water (en grond) wat nodig is vir groei, is die Woord van God. As ons saam na God se Woord luister en saam dink oor wat Hy vir ons sê en van ons vra, is dit soos die grond waarop ons staan. Dis soos die dwase man wat sy huis op sand bou en die wyse man wat sy huis op die rots bou. Die vaste rots of grond waarop die wyse man bou, is die Woord van God waarna jy luister.

Wys nou vir hulle die kruis wat uit die saadjies ontkiem het. Die laaste ding wat nodig is vir groei, is net 'n bietjie geduld ('n hele week). Ons wil so graag dinge dadelik laat gebeur. Die bome moes die hele winter deur wag voordat hulle weer kan bloeisels dra. Dis in die wintertyd wat die bome rus kry. Ons moet ook meer geduldig wees en rus in God se tyd.

Laat die kinders van die spruite van die saadjies eet en sê vir hulle dat Jesus ook so deel van ons wil raak as ons in Hom glo. Dis amper soos die nagmaal waar ons die brood eet en die wyn of druiwesap drink.

Geniet die lente!